

Grain SA's Oilseed Market Commentary

GRAIN SA	DATE		DATE		+ - WEEK AGO		+ - MONTH AGO		+ - YEAR AGO	
	2017/09/11		2017/09/08		2017/09/04		2017/08/14		2016/09/12	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	53.79	-1.04	1.9%	54.83	2.2%	52.65	3.7%	51.85	12.1%	47.99
US\$: ? ZAR	12.92	0.10	0.8%	12.82	-0.1%	12.93	3.7%	13.41	9.6%	14.29
Corn	R 1 749.70	-47.02	2.6%	R 1 796.72	* CBOT Sep cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Corn Sep + -12 : 00 the previous day					
Wheat	R 1 960.63	-102.59	5.0%	R 2 063.22	* CBOT Sep cents / bushel + -08:00 today vs. CBOT Wheat Sep + -12 : 00 the previous day					
Soybean	R 4 538.41	-30.82	0.7%	R 4 569.23	* CBOT Sep cents / bushel + -08 : 00 today vs. CBOT Soy Sep + -12 : 00 the previous day					
356										
Corn Sep '17	344.00	-12.00	3.4%	356.00	-2%	336.00	-2%	365.00	-3%	359.50
Wheat Sep '17	413.00	-25.00	5.7%	438.00	-3%	400.00	-11%	494.00	-10%	462.50
Soybean Sep '17	956.00	-14.00	1.4%	970.00	-2%	935.00	-6%	987.00	-4%	943.00
Latest MTM prices (Recorded between 07:00 am - 08:00 am on the last two dates) SPOT = nearest contract month (Rands / tonne)										
SORGHUM Dec '17	2800	-200	5.7%	3000	0.0%	3000	5.4%	3170		NA
WMAZ SPOT	1811	-2	-0.1%	1813	0.0%	1808	5.4%	1859	-8.0%	4309
YMAZ SPOT	1936	0	0.0%	1936	0.0%	1923	5.8%	1980	-1.3%	3281
SOY 50 SPOT	4650	-5	-0.1%	4655	0.0%	4635	5.9%	4675	-0.0%	6775
SUN SPOT	4715	13	0.3%	4702	0%	4706	6%	4739	-19%	6401
WHEAT SPOT	4170	-28	0.7%	4198	0%	4082	11%	4590	4%	4250
OILSEED (US\$/ton)	2017/09/08	Source: Oilworld			2017/09/01	May 2017		June 2015		
Soya-oil, Arg.	776				0%	774	1%	769	15%	676
Soya-pell, Arg.	309				1%	305	-9%	339	-16%	368
Soybean, Brazil	414				4%	399	1%	410	1%	410
USA Runner 40/50	1375				0%	1375	-14%	1600	6%	1300
Sun-oil, Arg.	750				1%	745	-1%	755	-6%	800
Sun-oil, Black Sea	785				0%	782	5%	750	5%	750
Sunseed, Black Sea	375				0%	375	-6%	400	-8%	409
Rapeseed, EU cif	438				1%	432	3%	425	10%	399
Palm oil Mal, EU	1280				6%	1210	-13%	1470	23%	1037

LATEST MARKET INFORMATION TO 23:00 (RSA TIME) AS OBTAINED FROM VARIOUS MARKET REPORTS

Sojabone: Die Sjinese invoere van sojabone vir die seisoen word verwag om te stagneer teen die rekordvlakke van ongeveer 92 miljoen ton wat in die 2016/17 bemarkingseisoen gesien was. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die beter verwagte sojaboonproduksies in Sjina met meer hektare wat daar aangeplant is en goeie produksieomstandighede wat voorgekom het deur die seisoen wat voordelig is vir gunstige opbrengste. Daar word verwag dat daar in die wêreld sojaboonkonteks steeds sterk uitvoercompetisie sal wees tussen die lande vir tenminste die eerste helfte van die 2017/18 bemarkingseisoen met die groot voorraadvlakke wat in Suid Amerika beskikbaar is en die nuwe seisoen Amerikaanse sojabone wat ook binnekort die mark sal binnedring met die stroop proses wat eersdaags daar sal begin. Die sojaboonvoorraad vir einde Augustus in die 3 grootste Suid Amerikaanse produserende lande was op 'n rekord van ongeveer 65.2 miljoen ton geskat. Ten spyte van die groot internasionale voorraad het die internasionale sojaboonprys die afgelope week weer ondersteuning gevind en effens sterker verhandel, hoofsaaklik as gevolg van bekommernisse oor die Amerikaanse produksie vir die seisoen. Droër weer wat in sommige van die groot produserende streke voorspel word in die kritieke tyd kan nadelig wees vir die opbrengste terwyl die orkane wat tans in gedeeltes van die VSA voorkom ook moontlik nadelig wees vir die produksie, maar dit is hoofsaaklik in die kleiner produserende streke. Die mark sal egter hierdie week se nuutste WASDE verslag fyn dophou om te sien wat die USDA se verwagte opbrengs vir die seisoen sal wees. In Argentinië en Brasilië is daar ook bekommernisse rakende die weerstoestande wat nie te gunstig is voor die aanvang van die plantseisoen daar nie. In Argentinië is daar vrese van oormaat reën en oorstromings terwyl die omstandighede in van Brasilië se grootste produserende streke steeds droog is met grondvog wat laag is. Die ongunstige weerstoestande in hierdie lande kan moontlik die aanplantingsproses belemmer. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verलेde week gemeng verhandel, maar het hoofsaaklik ondersteuning gevind en het effens sterker verhandel vir die week om die week sterker af te sluit as die vlakke waarteen dit aanvanklik oopgemaak het. Die permarges plaaslik is steeds positief en die plaaslike prys is steeds laer as die afgeleide pryse.

Sonneblom Saad: Die wêreld sonneblom saad produksie vir die seisoen word verwag om effens laer te wees as verलेde seisoen se rekord produksie wat gesien was, maar dit sal steeds 'n groot oes wees en word teen ongeveer 47.7 miljoen ton geskat. Dit is slegs 900 000 ton minder as die rekord produksie wat in die 2016/17 seisoen gesien was. Die verwagtinge in die markte is dat die sonneblom saad die in hierdie seisoen slegs 'n beperkte rol sal speel in die groei van die vraag na die groenteolies en dat die pryse van sonneblom olie komperterend sal moet bly met dié van die ander olies om in groot hoeveelhede opgeneem te word in die markte. Die wêreld sonneblom olie kan moontlik slegs gemiddelde ondersteuning vind wanneer meeste van die 2017/18 seisoen se voorraad reeds bemark is. Die meeste van die daling in produksie van sonneblom saad vir die seisoen is as gevolg van dalings in die produksie van die CIS lande. Ongunstige weerstoestande wat daar gesien was gedurende die groeiseisoen het bygedra tot die laer opbrengsverwagtinge vir die seisoen. In Argentinië is die aanplantings van sonneblom saad vir die seisoen tot dusver voor die tempo van verलेde jaar dieselfde tyd. Die verwagtinge is dat die oppervlakte sonneblom saad wat vanjaar aangeplant sal word 'n 6 jaar hoogtepunt sal bereik. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaadpryse het verलेde week gemeng verhandel en het aanvanklik in die week onder druk gekom en later weer ondersteuning gevind, maar kon egter nie die verliese opmaak nie en die mark het effens laer gesluit.

Kanola: Die jaar se kanola produksie in Kanada word verwag om beter te wees as wat aanvanklik die seisoen voorspel was, dit na een van die grootste droogtes in dekades in groot gedeeltes van die produserende gebiede. Die aansienlike laer eindvoorraad van die vorige seisoen laat die kanola voorraadvlakke vir die begin van die 2017/18 seisoen teen ongeveer 'n 3 jaar laagtepunt. In Sjina is daar 'n verdere afname in kanola en raapsaad produksie sowel as laer kanola en raapsaad olie wat die invoerbehoefte van Sjina verder kan ondersteun vir die seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike kanola produksie vir die seisoen word op ongeveer 109 200 ton geskat vir die seisoen volgens die NOK se eerste produksieskatting van wintergrane vir die seisoen. Daar is egter steeds heelwat kritieke gedeeltes in die Weskaap wat dopgehou sal word vir die produksieverwagtinge.

Grondbone: In die VSA lyk die grondboonproduksies vir die seisoen gunstig met die produksietoestande wat gunstig is in meeste van die produserende streke. In verलेde week se weeklikse produksietoestande verslag word die Amerikaanse grondboon produksietoestande op 80% goed tot uitstekend geskat. Dit is hoër as die vorige week se 77% goed tot uitstekend en aansienlik beter as die dieselfde tyd verलेde jaar toe die toestande op 64% goed tot uitstekend geskat was. **Plaaslik:** Plaaslik het die grondbone 'n goeie seisoen beleef in terme van produksie en winsgewendheid wat maak dat baie produsente grondbone wil oorweeg vir die nuwe seisoen. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die grondboonmark plaaslik 'n redelike klein mark is en dus moet voorseisoen kontrakte oorweeg word wanneer produsente grondbone wil aanplant vir die seisoen.

For any queries, please contact: Luan van der Walt , Email: luan@grainsa.co.za